VIKING
Landboumiddels - Diensverskaffers aan Eindgebruikers | Lid van / Member of ACDASA | Agricultural Remedies - Service Provider to End Users
Viking Bemarking (Edms) Bpk | **Viking Marketing (Pty) Ltd**
Reg.Nr.1996/012179/07 | Reg.No.1996/012179/07
Posbus / P.O. Box 51 h/v Riesling en Shiraz Straat / Road Saxenburg Park 1 Blackheath 7581 Tel (021) 907-3000 Faks / Fax (021) 905 -7113 Web www.viking.co.za

AANSOEK OM KREDIET
This form is also available in English.

1.1 NAAM en POSADRES van AANSOEKER:

_____

_____

_____

_____

1.2 FISIESE ADRES van AANSOEKER:

_____

_____

_____

_____

2 TIPE BESIGHEID

☐ Privaat Maatskappy
☐ Beslote Korporasie
☐ Eenmansaak
☐ Vennootskap
☐ Trust

Volle geregistreerde naam van Mpy / BK / Vennootskap / Firma / Trust _____

Handelsnaam (indien anders as hierbo) _____

2.1 Fisiese adres van geregistreerde kantoor _____

2.2 ID/Registrasienommer _____

2.3 Inligting van Direkteure / Lede / Vennote / Eienaars / Trustees (Heg lys aan indien meer as 3 direkteure / lede)

Volle Name	Woonadres	Identiteitsnommer

3 Handelsverwysings van besighede waarmee die AANSOEKER/KOPER soos in 1.1 aaneenlopende besigheid gedoen het oor die afgelope 3 jaar

Naam	Dorp	Tel kode & nommer

4 Perseel

☐ Gehuur : Naam en tel. nommer van verhuurder _____
☐ Eienaar : Plaasnommer _____

5 Gewasse verbou _____

6 Kredietlimiet benodig _____

7 BTW Registrasienommer : **(Afskrif van BTW 103-vorm moet asb. aangeheg word)**

8 Kontakbesonderhede (vir betaling van rekening)

8.1 Naam van kontakpersoon _____ 8.2 Sellulêr _____

8.3 Areakode en Telefoonnommer _____ 8.4 Faksnommer_____

8.5 E-pos adres _____

9 Bankbesonderhede

9.1 Banknaam _____ 9.2 Taknaam _____

9.3 Bankrekeningnommer _____

ONDERNEMING OM TE VOLDOEN AAN STANDAARD HANDELSVOORWAARDES

EK/ONS STEM DAARTOE IN DAT DIE BEPALINGE EN VERKOOPVOORWAARDES SOOS HIERNA UITEENGESIT VAN TOEPASSING SAL WEES OP IEDERE TRANSAKSIE WAT HIERNA GESLUIT WORD TUSSEN DIE AANSOEKER/KOPER EN VIKING BEMARKING (EDMS) BPK.

Geteken _____ Volle naam _____
(Drukskrif)

KREDIETFASILITEITE : VIKING BEMARKING (EDMS) BPK

TERME & VOORWAARDES VAN KONTRAK & BORGSTELLING

1. Ek/Ons die ondergetekende/s, verklaar hiermee dat ek/ons gemagtig is om hierdie aansoek vir krediet fasiliteite te onderteken namens die genoemde besigheid/maatskappy.

2. Ek/Ons aanvaar dat indien daar enige voorneme is van die Aansoeker om beheer of van eienaar te verander, die Verskaffer skriftelik daarvan in kennis gestel moet word ten minste 30 (Dertig) dae voordat die verandering in werking tree.

3. Ek/Ons aanvaar dat indien daar enige verandering in ons bestaande adres, telefoon/faksnommer is, die Verskaffer binne 15 (Vyftien) dae van sodanige verandering, skriftelik daarvan in kennis gestel moet word.

4. Ek/Ons neem kennis daarvan dat indien krediet fasiliteite aan my/ons toegestaan word, die fasiliteite ter enige tyd deur die Verskaffer opgeskort mag word sonder voorafgaande kennisgewing, en dat die besluit om kredietfasiliteite toe te staan, of nie toe te staan nie, uitsluitlik in die Verskaffer se diskresie berus. Die bepalings van hierdie ooreenkoms sal geld op alle transaksies ongeag of die Aansoeker se kredietfasiliteite afgekeur of opgeskort word.

5. Die Aansoeker stem daartoe in om aanspreeklikheid te aanvaar vir alle regskoste, insluitende koste op ‘n Prokureur-Kliënt skaal, sowel as enige koste aangegaan wat spruit uit die oorhandiging van ‘n verskuldigde bedrag aan ‘n Kommersiële Inligtings Agentskap of aan skuldinvorderaars vir skuldinvordering. ‘n Verskuldigde bedrag sal beteken enige bedrag wat nie onderhewig is aan ‘n dispuut nie en wat uitstaande is in terme van die ooreengekomde terme.

6. Tensy skriftelik anders ooreengekom deur beide partye, sal alle bedrae verskuldig voluit sonder aftrekking of afsetting van goedere verkoop en/of dienste gelewer, betaalbaar wees binne 30 (Dertig) dae na datum van staat van die Verskaffer.

7. Die Verskaffer sal rente hef aan die Aansoeker teen Prima plus 4% per jaar op alle bedrae wat na 30 (Dertig) dae na datum van staat uitstaande is. Die Verskaffer mag enige betaling van die Aansoeker eerstens na rente verskuldig allokeer en daarna na enige faktuur as wat die Verskaffer in sy uitsluitlike diskresie mag besluit.

8. Geen vergunning of toegewing aan die Aansoeker deur die Verskaffer, sal ter enige tyd as ‘n kwytskelding van betaling of die benadeling van die Verskaffer se regte beskou word nie, en ook nie as ‘n wysiging van die voorwaardes en terme van hierdie ooreenkoms gesien word nie.

9. ‘n Sertifikaat uitgereik of onderteken deur enige Direkteur van die Verskaffer sal *prima facia* bewys wees van enige verpligting van die Aansoeker teenoor die Verskaffer.

10. Die risiko van goedere aangekoop sal oorgeneem word deur die Aansoeker sodra aflewering geskied, maar alle goedere sal die eiendom van die Verskaffer bly tot en met alle uitstaande gelde deur die Aansoeker ten volle vereffen is. Alle goedere sal as roerende eiendom beskou word en skeibaar van vaste eiendom of ander goedere. Die Verskaffer behou die reg om die eindverbruiker of die eienaar van die perseel waar goedere gestoor/gebruik word van sy eis om eienaarskap te vergewis.

11. Die Aansoeker stem toe dat die verkoop van goedere resorteer onder die jurisdiksie van die Landroshof in terme van Artikel 45 van Landroshof Wet no 32 van 1994 (soos gewysig), onder die Jurisdiksie van Artikel 28 van bogenoemde Wet, nieteenstaande eise deur die Verskaffer wat die bevoegdheid oorskry van die normale jurisdiksie van Landroshof. Die Verskaffer sal na eie goeddunke geregtig wees om teen die Aansoeker op te tree in enige ander bevoegde hof, wat van die voorafgemelde jurisdiksie verskil.

12. Die ondergetekende verbind homself/haarself gesamentlik en afsonderlik as onbeperkte borg en mede-hoofskuldenaar in solidium tesame met die Aansoeker vir die krediet verleen deur die Verskaffer aan die Aansoeker deur die ondertekening van hierdie ooreenkoms. Hierdie borgstelling is ‘n voortdurende dekkingswaarborg deur die ondergetekende wat slegs skriftelik deur Viking Bemarking (EDMS) BPK gekanselleer kan word en dan slegs nadat alle bedrae deur die Aansoeker vereffen is.

13. Die Aansoeker verskaf as domicilium citandi et executandi die fisiese adres soos verskaf in die aangehegde “Aansoek om Kredietfasiliteite” vir alle doeleindes wat voortspruit uit die kontrak tussen die Verskaffer en die Aansoeker.

14. Die Aansoeker verleen sy toestemming dat die Verskaffer krediet navrae op die Aansoeker mag doen en verwysings mag aanvra. Die Verskaffer is by regte om hierdie inligting op rekord te hou en van tyd tot tyd op te dateer soos benodig.

15. Die Aansoeker bevestig dat hy/sy die kontrak gelees het en dit verstaan, veral met betrekking klousule 12, en dat hy/sy onderneem om volgens die voorwaardes van hierdie ooreenkoms te handel.

16. Daar word volgens die wette van die Republiek van Suid Afrika gehandel.

Ek verklaar dat ek behoorlik gemagtig is om hierdie ooreenkoms te onderteken en dat ek myself aan bostaande terme verbind:

Volle Name (Drukskrif) : _____

Hoedanigheid : _____ Handtekening _____

GETEKEN OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20 _____

VIR KANTOORGEBRUIK ALLEENLIK :

Goedgekeur : _____ Bedrag : _____ Terme : _____